Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2024-02-22

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 2 VAN FEBRUARIE 2024

### ONS NEEM AFSKEID - MNR PRETORIUS

Dis met 'n swaar hart dat ons afskeid moet neem van Mnr Denner, Me Visser en Me Swart. Hulle gaan op pensioen en gaan beslis 'n groot leemte laat in die onderwys!

Ons bedank hulle graag vir die toegewyde, lojale en harde werk wat hulle gelewer het. Wees verseker Laerskool Elspark gaan u baie mis.

Geniet die welverdiende rus!

### BEHEERLIGGAAM VERKIESING 2024 – MNR MULLER

| | |
|---|---|
| 26 Februarie 07:00 | Nominasies vir ouers maak oop. Die nominasievorms is beskikbaar in die kantoor indien u iemand wil nomineer. Die nominasies sluit 29 Februarie om 15:00 |
| 4 Maart (Heeldag) | U kan kom stem vanaf 07:00 tot 17:00 |

***NB!! LEERLINGE ONTVANG VERDIENSTE PUNTE INDIEN OUER/VOOG KOM STEM.***

### FINANSIES – ME WESSELS

Ons doen asb. 'n dringende beroep op u om asb. die korrekte verwysing te gebruik as u internet oorbetalings doen vir skoolgelde, naskoolgelde, kleuterskoolgelde en aktiwiteite. Let asb op die volgende:

**Skoolgelde/kleuterskoolgelde**: verwysingsnommer begin met *S bv. S20000*
**Naskoolgelde**: verwysingsnommer begin met *N bv. N20000*
**Aktiwiteite**: gebruik die skoolgeld verwysingsnommer wat met *S* begin en na die nommer *spesifiseer die aktiwiteit bv. S20000RUGBYTOER*

TOETSREEKS GR 4 TOT 7 - MNR DENNER

| DATUM | VAK | GR |
|---|---|---|
| Maandag, 26 Februarie | Afrikaans | 4 - 7 |
| Woensdag, 28 Februarie | Engels | 4 - 7 |
| Vrydag, 1 Maart | Wiskunde | 4 - 7 |
| Maandag, 4 Maart | SW (Geografie) | 4 - 7 |
| Woensdag, 6 Maart | EBW | 7 |
| Vrydag, 8 Maart | SW (Geskiedenis) | 4 - 7 |
| Maandag, 11 Maart | NW en Teg<br>NW | 4 - 6<br>7 |

**NB! Geen formele toetse in Lewensvaardigheid, Lewensoriëntering,Tegnologie Kuns en Kultuur vir Gr. 4 - 7 nie.**

## *BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE TOETSREEKS*

1. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die toetsreeks teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

2. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien dit 'n **amptelike toetsreeks** is.

## *WENKE VIR DIE TOETSREEKS*

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die toetsreeks!

## LEIER FONDSINSAMELINGSPROJEK - MNR KEYTER

Ons leiers van 2024 hou 'n fondsinsamelingsprojek en ons vra dat u hulle asb. sal ondersteun. Dit beloof of 'n aand vol opwinding te wees!!!

| | |
|---|---|
| Wat: | "Good Vibration Greatest Summer Hits" |
| Waar: | Barnyard Teater Emperors Palace |
| Wanneer: | 18 April om 19:00 |
| Koste: | R200 per persoon |
| Besprekings: | Pam (083 412 2269) |

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Veels geluk aan die volgende atlete wat gaan deelneem aan die D6 kampioenskappe op Vrydag, 23 Februarie te Germiston Stadion.

Ons is baie trots op elkeen van julle! Ons Elsies hou styf duim vas!

1. Nkateko Mangenga - Verspring
2. Nico Potgieter - Spiesgooi
3. Le Roux Venter - Gewigstoot/Diskus
4. Nicola Lombaard - Diskus
5. Anika Barnard - Diskus/Gewigstoot
6. Christian Mkosana - 100m + 80m + Aflos
7. Michelle Fouche - Verspring
8. Leanli Botha - Hekkie 70m
9. Lian Du Plessis - 60m + 80m
10. Tsekgo Mathebula - 60m + 80m
11. Pietie Shongwe - 100m + 150m + 75m hekkies
12. Crevan Roets - Aflos
13. Marcus de Plessis - Aflos
14. Ludre Scheepers - Aflos

Gauteng Kampioenskappe is 8 en 9 Maart.

## MINI-NETBAL - ME T. GROBLER

Die mini-netbal is hard aan die oefen om hulle vaardighede te verbeter.

Kleredrag: Gemaklike oefenklere
Oefendae: Maandae tot Donderdae
Oefentye: 13:40- 14 :30

Wedstryddatums sal later deurgegee word.

## NETBAL - ME DU TOIT

0/9-0/13 Oefen tye
Maandae-Donderdae 13:45-14:30
Onthou jou tekkies , hoed en water!

Toer 20-23 Maart
Onthou asb. alle toergelde moet ten volle betaal wees voor of op 15 Maart 2024. Koste beloop R2700 per speler.

Belangrike datums
27 Februarie - 0/12 Proewe
28 Februarie - 0/13 Proewe
29 Febriuarie - 0/9 tot 0/13 A,B en C VS Jan van Riebeeck (Weg)
9 Maart - Superreeks te Mulderdrift
13 Maart - 0/9-0/13 A,B en C vs Pres. Steyn (Tuis)
16 Maart - Superreeks finaal slegs A spanne
20-23 Maart - Toer

## ROOIVALKIES - MNR WEIDEMAN

Rooivalkies se oefening sal begin op Maandag, 4 Maart.

Oefentye:
Maandae en Dinsdae
13:00 tot 14:00

## RUGBY - MNR BOTHA

Ons rugby-seuns is reeds hard aan die oefen. Oefentye is Maandae tot Donderdae vanaf 13:45 tot 15:00.

***Belangrike datums:***

| | | |
|---|---|---|
| 28 Februarie | - | Vriendskaplike wedstryd vs Laerskool Delville (weg) |
| 5 Maart | - | Vriendskaplike wedstryd vs Laerskool Oosterkruin (tuis) |
| 9 Maart | - | Superreeks Groepwedstryde te Laerskool Muldersdrif |
| 16 Maart | - | Superreeks Uitspeelwedstryde |
| 18 - 20 Maart | - | Toer 0/9 en 0/10 te Marble Hall |
| 21 - 23 Maart | - | Toer 0/11 en 1ste span te Marble Hall |

## BOOGSKIET - ME JACOBS

**Kompetisie datums**

| | | |
|---|---|---|
| 24 Februarie | - | Laerskool Randfontein<br>Sluitingsdatum: Reeds gesluit |
| 2 Maart | - | Noord Gauteng, Centurion<br>Koste: R65<br>Sluitingsdatum: 23 Februarie |

9 Maart - Klub Inyathy, Randfontein
Koste: R65
Sluitingsdatum: 1 Maart

16 Maart - Mkulu Archery
Besaskool, Walkerville
Koste: R65
Sluitingsdatum: 8 Maart

21 Maart - Basiese boogskietinstrukteur kursus (BAI) by Laerskool Elspark
Koste: R650
Sluitingsdatum: 15 Maart

Kontak Mnr Thinus Jacobs op 082 374 6035 indien u enige verdere navrae het.

## SKAAK - ME BADENHORST

**Rapid Chess Toernooi:**



Onder 9 : 27 Februarie

Onder 11 : 28 Februarie

Onder 13 : 29 Februarie

Tyd: 13:45 tot 14:45

Plek: Skoolsaal

Slegs die top 7 spelers in elke kategorie sal gekies word om ons skool te verteenwoordig. Hierdie spanne sal dan weeklikse oefeninge bywoon om hul vaardighede te verbeter en voor te berei vir kompetisies.

Ons nooi alle belangstellende leerders uit om deel te neem aan hierdie opwindende geleentheid om hul skaakvaardighede te wys en nuwe vriende te maak in die proses.

**Registreer by Me Z Badenhorst (zelnerie@elsies.co.za)**

**Individuele skaak toernooi**

'n Individuele toernooi vind plaas op **16 Maart 2024** te Martin Primary. Indien u enige verdere inligting benodig is u welkom om Me Z Badenhorst te e-pos op zelnerie@elsies.co.za

Daar is nog plek vir spelers om deel te neem (Eie vervoer)

## REDENAARS 2024 - ME MITTON

1. **Interne Redenaars kompetisie:**
Leerlinge kan aan ons skool se interne kompetisie deelneem waar hulle kultuurpunte kan verwerf.

**1.1 Afrikaanse Redenaars - Kwartaal 2**
By Afrikaanse Redenaars maak ons gebruik van die temas wat die ATKV jaarliks voorskryf. Deelnemers kan dus hulle eie onderwerp formuleer wat in lyn is met een van die temas:

- *Gr 1 - 3 Teken Sprokies Oorlosie*
- *Gr 4 - 5 Grond Kamma Foto*
- *Gr 6 - 7 Kompas Wekker Waag*

1.2 **Engelse Redenaars - Kwartaal 3**

Die Engelse onderwerpe is meer voorskriftelik, maar u kan kies tussen die 4 opsies by elke graad:

***Gr 1***

1. *Technology is good for kids Y/N*
2. *Load shedding can be fun Y/N*
3. *Today's children don't read enough Y/N*
4. *Children need to play outside Y/N*

***Gr 2***

1. *Too much screen time is bad for your health Y/N*
2. *It is ok to keep animals in a zoo Y/N*
3. *Children under 10 years should have cellphones Y/N*
4. *Children should wear school uniforms Y/N*

***Gr 3***

1. *Video games promote violence Y/N*
2. *Will punishing bullies help?*
3. *Should pets be adopted rather than bought from breeders?*
4. *Boys and girls should be taught in separate classrooms Y/N*

***Gr 4***

1. *All kids should do chores*
2. *Recycling is a waste of time*
3. *Children learn bullying from adults*
4. *Primary school children are too young to use cellphones*

***Gr 5***

1. *Homeschooling is more beneficial to children than public schools*
2. *Hunting should be illegal*
3. *Plastic bags should be banned from all grocery stores*
4. *Schools should stop teaching cursive writing*

***Gr 6***

1. *Teachers should be replaced by computers*
2. *Vaping is much safer than smoking tobacco products*
3. *It should be illegal to own exotic animals as pets*
4. *Children should have a right to virtual and physical privacy from their parents*

***Gr 7***

1. *Has technology helped connect people or isolate them?*
2. *Minors should be allowed to try alcohol under their parents' supervision*
3. *The death penalty should be reinstated*
4. *Graffiti should not be considered art*

Hou gerus die omsendbrief dop vir bogenoemde datums en inligting.

2. **Eksterne Redenaars kompetisies:**
U as ouer kan ook u kind inskryf by die volgende eksterne redenaars kompetisies (kinders verwerf ook hiervoor 'n bepaalde aantal kultuurpunte):
*Interskole Redenaars/Interschools Public Speaking
www.interskoleredenaars.co.za (sluitingsdatum vir inskrywings is 12 April - Afrikaanse afdeling en 31 Mei - Engelse afdeling)

*Radikale redenaars
www.radikaleredenaar.com (sluitingsdatum vir inskrywings is 16 Mei)

*Oppie tong af redenaars
www.oppietongaf.co.za (sluitingsdatum vir inskrywings is 12 April)

Besoek gerus die kompetisies se webwerf indien u belangstel.

3. **Kontakbesonderhede en webtuistes vir die skryf van praatjies:**
Raakpraat Redenaars www.raakpraat.com
www.redenaars.co.za
Louw Breytenbach 072 204 6649
Nadia Schoomby 078 740 0909
Sunel Gilliland 072 540 8996 (sunelgilliland1@gmail.com)
Zelmarie (zelmarie@creativum.co.za)

## KOEKVERKOPING - ME LOURENS

Ons Gr. 6'e se koekverkoping vind plaas op Donderdag, 29 Februarie. Leerlinge sal 'n meer gedetailleerde brief nader aan die tyd ontvang.

Onthou asb. om 'n geldjie saam te bring sodat ons die Gr6'e kan ondersteun met hul verkope.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof (Waarnemend)